tree.
TRANSFORMING EDUCATIONAL ENVIRONMENTS

https://www.treeschools.org
reanca.olwage@doxadeo.org
064 504 0625



**TREE Mandaat**

TREE (Transforming Educational Environments) is 'n geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie (PBO 930004275) met Artikel 18A-status.

Die organisasie fokus hoofsaaklik daarop om skoolbestuur te ondersteun in die bevordering van 'n gesonde leeromgewing, met spesifieke aandag aan die volgende drie kernareas:

- ’n Gesonde geloofslewe
- ’n Gesonde gemeenskap
- ’n Gesonde leierskap

TREE is tans betrokke by 118 skole landswyd en volg 'n vennootskapsmodel ten einde die algehele gesondheid van 'n skool aan te spreek. TREE is nie ‘n alleenstaande diensverskaffer nie maar volg ‘n verhoudingsgedrewe benadering.

Ons is oortuiging dat gesonde verhoudings tussen verskeie rolspelers die fondament vorm vir 'n gesonde leeromgewing vir beide leerders en opvoeders. TREE se betrokkenheid by skole sluit die volgende in:

- Die aanbied van ’n aanlyn meningsopname vir leerders en onderwysers;
- Die ontwikkeling van ’n unieke gesondheidsplan in samewerking met relevante rolspelers;
- Die plaas van TREE-koördineerders en -jeugwerkers om ondersteuning te bied met die implementering van die plan.

Die minimum vereistes vir TREE-werkers is die voltooiing van ’n Baccalaureus in Teologie (BTh) graad, asook suksesvolle afhandeling van TREE se formele opleidingsprogram, alvorens hulle in ’n skool geplaas kan word.

TREE-werkers maak deel uit van ’n toegewyde span wat weekliks byeenkom vir gestruktureerde terugvoering, verantwoordingsdoening, en voortgesette professionele en geestelike ontwikkeling. Hierdie gereelde vergaderings bied ’n ruimte vir refleksie, ondersteuning, en die verdieping van vaardighede, terwyl dit ook ’n kultuur van aanspreeklikheid en spanverantwoordelikheid bevorder.

https://www.treeschools.org
reanca.olwage@doxadeo.org
064 504 0625



**GESONDE GELOOFSLEWE**

Indien ’n skool die behoefte het aan ondersteuning in geestelike prosesse, tree TREE op vanuit twee kern-oortuigings:

**1. Koninkryksperspektief**

Ons is oortuig daarvan dat die heerskappy van Jesus Christus, as Here en Koning, sigbaar behoort te wees in alle sektore van die samelewing — insluitend skole. Dit vind plaas wanneer verskeie rolspelers besluit om hul onderskeie kragte te verenig en as 'n gesamentlike span te funksioneer. Hierdie visie vereis ’n gesindheid van diensbaarheid, eenheid en vrygewigheid onder alle betrokkenes: individue, organisasies, kerke en instansies. Dit vra van elke rolspeler om weg te beweeg van isolasie en selfbelang, en om saam te werk aan ’n gemeenskaplike koninkryksvisie.

Daarom beskou TREE die skool nie as ’n platform vir die persoonlike agendas van enige rolspeler nie. Geen individu of organisasie word toegelaat om leerders te verwys na hul eie gemeente nie. TREE is nie verbind aan ’n kerkdenominasie nie en handhaaf ’n neutrale posisie, sodat ’n ruimte geskep kan word vir samewerking tussen verskeie geloofsgemeenskappe ten opsigte van die vestiging van Christus se heerskappy in die lewens van leerders, ouers en opvoeders.

**2. Kernwaarhede**

Ons erken die verskeidenheid van interpretasies binne die Christelike geloofstradisies. Hoewel ons alle kerke met agting benader, fokus TREE uitsluitlik op die fundamentele waarhede van die Skrif en vermy die bespreking van doktrinale verskille.

Die kernwaarhede waarop ons fokus, sluit die volgende in:

- Die Bybel is die Woord van God
- Die Bybel, wat bestaan uit die Ou en Nuwe Testament, is deur God geïnspireer. Dit beteken dat die woorde wat daarin opgeteken is, deur mense onder leiding van die Heilige Gees neergeskryf is, en dat dit God se openbaring aan die mensdom verteenwoordig. Die Bybel is die hoogste en finale gesag in alle sake wat leer en lewe betref. Dit is volkome betroubaar in alles wat dit leer, en dien as die norm waarvolgens elke Christen se denke, optrede en oortuigings gemeet moet word.

https://www.treeschools.org
reanca.olwage@doxadeo.org
064 504 0625



- Daar is een ware God
- God is die ewige Skepper van hemel en aarde. Hy bestaan van ewigheid tot ewigheid, en Hy alleen is waardig om aanbid te word. God openbaar Homself as een Wese in drie Persone, naamlik God die Vader, God die Seun (Jesus Christus), en God die Heilige Gees. Hierdie drie Persone is een in wese, gelyk in majesteit, en saam deel hulle die goddelike natuur in volmaaktheid.
- God het die mens na Sy beeld geskape
- Die mens is uniek geskape na die beeld en gelykenis van God. Hierdie beeld beteken dat die mens veral in sy denke, emosies, moraliteit, en verantwoordelikheid iets van God se karakter weerspieël. God het elke mens doelgerig geskape – met die bedoeling dat die mens Hom sal ken, Hom sal liefhê, en in ’n lewende verhouding met Hom sal wandel. Hierdie verhouding is die mens se hoogste roeping en bron van ware vervulling.
- God het die mens lief
- God is liefde. Sy liefde is nie beperk nie, en ook nie gebaseer op die mens se prestasie of waardigheid nie. Die Bybel leer dat God die wêreld só liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Hierdie liefde is genadig, onvoorwaardelik en universeel. Dit sluit elke mens in, ongeag agtergrond of omstandighede, en roep elke persoon om in verhouding met Hom te leef deur geloof en vertroue.
- Jesus Christus is die Seun van God
- Jesus Christus is beide volkome God en volkome mens. In Hom het die volle godheid liggaamlik geword. Hy is bonatuurlik verwek deur die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Jesus het ’n sondelose lewe op aarde gelei, en Hy is uit eie keuse gekruisig as ’n plaasvervangende offer vir die sondes van die wêreld. Sy kruisdood is die middelpunt van die verlossingsplan van God en die bewys van God se liefde en geregtigheid.
- Jesus het gesterf en opgestaan
- Jesus Christus het werklik aan die kruis gesterf en is liggaamlik begrawe. Op die derde dag het Hy fisiek en glorieryk uit die dood opgestaan. Hierdie opstanding is histories en bonatuurlik van aard, en dit bevestig Sy oorwinning oor sonde, dood en die bose. Die opstanding getuig dat Jesus werklik die Seun van God is, en dit verseker gelowiges van hul eie toekomstige opstanding. Jesus leef vandag, en Hy tree vir ons in as ons Hoëpriester en Middelaar.
- Verlossing is deur genade, deur geloof alleen.

https://www.treeschools.org
reanca.olwage@doxadeo.org
064 504 0625



- ’n Mens word nie gered deur eie pogings, goeie werke, of godsdienstige praktyke nie. Verlossing is 'n gawe van God, gegrond in Sy genade alleen. Hierdie genade word slegs deur geloof in Jesus Christus as Verlosser en Here ontvang. Geloof is die middel waardeur die mens deel kry aan Christus se volmaakte offer, en dit bring vergifnis van sonde, versoening met God, en die ontvangs van die ewige lewe. Hierdie verlossing is nie verdien nie, maar ’n daad van God se liefde.
- Die Heilige Gees woon in gelowiges
- Wanneer ’n mens tot ware geloof in Jesus Christus kom, neem die Heilige Gees onmiddellik en permanent woning in die persoon se hart. Die Gees is God self wat in die gelowige leef. Hy lei die gelowige in waarheid, onderrig hom in die Woord, troos in moeilike tye, en rus hom toe met krag om heilig te leef. Die Heilige Gees is ook die Een wat geestelike vrug in die lewe van die gelowige laat groei, en Hy gee gawes om die liggaam van Christus te dien.
- Geestelike groei is deel van die Christen se lewe
- Geestelike groei – ook genoem heiligmaking – is die lewenslange proses waardeur die gelowige toenemend meer soos Jesus Christus word in karakter, denke en optrede. Hierdie groei vind plaas deur ’n toewyding aan persoonlike gebed, gereelde studie van die Bybel, gehoorsaamheid aan God se wil, aktiewe deelname aan die geloofsgemeenskap, en voortdurende afhanklikheid van die werking van die Heilige Gees. Hierdie proses verdiep geloof, vorm karakter, en lei tot ’n lewe van groter geestelike vrugbaarheid en getrouheid.
- Die Kerk is die liggaam van Christus
- Alle ware gelowiges regoor die wêreld vorm saam die universele Kerk, waarvan Christus die Hoof is. Die Kerk is nie ’n gebou of ’n denominasie nie, maar ’n geestelike liggaam waarvan elke gelowige ’n lewende lid is. Gelowiges word egter ook opgeroep om deel te wees van ’n plaaslike gemeente waar God aanbid word, geestelike groei bevorder word, en waar gelowiges toegerus word vir dienswerk en getuienis. Die Kerk is die instrument waardeur God Sy liefde en boodskap van redding aan die wêreld verkondig.

tree.
TRANSFORMING EDUCATIONAL ENVIRONMENTS

https://www.treeschools.org
reanca.olwage@doxadeo.org
064 504 0625



Die volgende sake val buite die bestek van TREE se mandaat, en sulke aangeleenthede word graag verwys na die toepaslike geestelike leiers of personeel binne die skoolgemeenskap:

1. Bevryding en geestelike bevryding
2. Sake rakende dwelmmisbruik
3. Satanisme en okkultisme
4. Waterdoop
5. Teologiese vraagstukke
6. Doop/vervulling met die Heilige Gees en spreek in tale
7. LGBTQ-verwante aangeleenthede

Groete,

Noord - Zone TREE Span